

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 3 No. 2 Junie 2009

Die kwartaallike personeelblad vir die mense van die NWU

Tina, Stevie en Mozart saam op NWU-verhoog

Tina Turner, Stevie Wonder en Amadeus Mozart besoek die Noordwes-Universiteit later vanjaar. Eish! het agter die skerms gaan loer om meer uit te vind oor hierdie eksotiese besoekers.

'n Industriële teater-vertoning met Tina Turner-, Stevie Wonder- en Mozart-dubbelgangers sal later vanjaar by al drie kampusse op die planke gebring word om die NWU-gemeenskap meer bewus te maak van diversiteit.

Mnr VL Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, het met dié idee - wat deur die Institusionele Bestuur onderskryf is - vorendag gekom in oorleg met die Visekanselier, dr Theuns Eloff. Dit het ten doel om op 'n

pro-aktiewe wyse al die uitdagings rondom diversiteit wat dwarsoor die instelling ondervind word, aan te spreek. Van hierdie kwessies is uitgelig in die Ministeriële Taakspan se verslag wat in Desember 2008 ontvang is, sowel as in die voorlopige terugvoer van die paneel van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee na afloop van die kwaliteitsoudit in Maart 2009.

'n Buite-instansie, CheHan Ideaneers, sal verantwoordelik wees vir die vervaardiging en regie van die industriële teater-produksie, wat die volle ondersteuning geniet van prof Madoda Zibi, Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, en dr Edward Sedibe, Direkteur: Studentesake en Sport. Volgens hulle sal hierdie produksie voortbou op die resultate van die diversiteitswerkswinkels wat verlede jaar op die kampusse aangebied is.

Dr Eloff moedig alle personeel aan om die vertonings te ondersteun. "Diversiteit is 'n feit van die lewe. Dit is nog altyd met ons, en is iets wat aanvaar en selfs gevier behoort te word, of dan ten minste gerespekteer moet word. Dit is daarom belangrik dat alle personeellede tyd sal inruim in hul besige skedules om een van die vertonings by te woon."

Wees dus op die uitkyk vir Tina, Stevie en Mozart - datums, plekke en skedules van vertonings sal binnekort aan personeel gekommunikeer word. Inligting sal ook op u salarisstrookies aan die einde van Junie en Julie verskyn.

Prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, word omring deur die karakters wat in die industriële teater-vertoning verskyn.



As u die vertoning bywoon, staan u 'n kans om 'n opwindende prys in 'n gelukkige trekking te wen. Sien u daar!

Lees hier!

HOKK gee voorlopige terugvoer

3



Kanselier neem afskeid

7



Nuwe handelsmerkbestuurder vir NWU

5



Groete van die "nuweling"

Die eerste kwartaal van 2009 het soos blits verbygegaan. Die tweede kwartaal, met sy drie langnaweke en die verkiesing op 22 April, het sy tol geëis wat produktiwiteit en konsentrasie betref. Die NWU-gemeenskap het egter vasbeslote gebly om op die gestelde doelwitte te fokus en dit te bereik.

Soos die Visekanselier, dr Theuns Eloff, in die laaste uitgawe van Eish! genoem het, het ons universiteit sopas 'n streng instusionele oudit deur die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK) deurstaan. Selfs ná amper twee jaar se toegewyde voorbereiding het die NWU se ouditspan aanhou streef na perfeksie – totdat 16 Februarie 2009 aangebreek het en die oudit uiteindelik begin het.

Die meeste van diegene wat die terugvoersessies bygewoon het, het die mondelinge terugvoer van die HOKK-paneel as objektief en positief ervaar, met die paneel wat ons gekomplimenteer het met onder meer die logistiek van die oudit.

Ek wil graag almal gelukwens wat deelgeneem het aan die oudit, in welke hoedanigheid en fase van die proses ook al. Die energie wat gedurende hierdie belangrike oefening losgelaat is, het bewys dat spanne, en nie net individue nie, die dryfkrag agter hierdie universiteit is. Wat ons nou te doen staan, is om daardie einste spangees in

te span om die nodige momentum te behou met die hantering van die gapingsregister en die ander verslae wat sal volg.

Alles nog seepglad

Die eerste gedeelte van 2009 is tot dusver 'n stabiele tydperk vir die NWU. Studenteregistrasies het glad verloop op die verskillende kampusse, en die kernbesigheid, naamlik onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid, is gesond en sterk.

'n Onderrighoogtepunt

Een van die hoogtepunte van die jaar tot dusver was die ITOU-seremonie (Instusionele



Dr Ngoato Takalo

Toekennings vir Onderriguitnemendheid) waartydens altesaam 35 toekennings gemaak is. Daar was ook verskeie gradeplegtighede op ons verskillende kampusse sowel as in sentrums buite Suid-Afrika, onder meer in Namibië. Ek wil graag alle graduandi gelukwens, sowel as al die mense wat hulle gehelp het om daar te kom.

Ons het nou die halfpadmerk van 2009 se akademiese jaar bereik, en studente is waarskynlik nou klaar met daardie baie kritiese toetse en eksamens en sien uit na 'n bietjie rus en warmte tydens die reses.

Geweldige verbetering

Wat navorsing betref, was ek bly om te hoor dat ons gesubsidieerde publikasie-uitsette geweldig verbeter het in die laaste paar jaar. Dit het opgeskiet vanaf 326,19 in 2005 tot 'n geskatte 509,19 in 2008. Uitgedruk in persentasiegroei het ons ons uitsette verbeter vanaf 10,63% in 2006 tot 'n geskatte 35,34% in 2008.

Laat my toe om u net weereens gerus te stel dat dr Theuns Eloff sy langverlof geniet. Hy het nou 'n tydjie om aandag te gee aan sommige van die ander ysters wat hy in die vuur het. Ons wens hom alles van die beste toe en sien uit na sy terugkeer.

Vriendelike groete
Dr Ngoato Takalo
Waarnemende Visekanselier



Transformasie hoog op agenda

Hierdie uitgawe van Eish! is volgepak met nuus wat wissel van 'n komende industriële teater-vertoning en die voorlopige terugvoer van die HOKK se paneel na afloop van die oudit tót by die Instusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid.

Die boodskap wat soos 'n goue draad deur al hierdie artikels loop, is dat hoewel die NWU in die algemeen 'n diverse gemeenskap is, sosiale kohesie en ware diversiteit steeds veel te wense oorlaat op sekere van die kampusse.

Op die Potchefstroomkampus is wit studente en personeel in die meerderheid. Hierdie prentjie is omgedraai op die Mafikengkampus waar swart personeel en studente die grootste groepe vorm. Dit is net op die Vaaldrieoekampus – soos die HOKK-paneel in hul terugvoer genoem het – waar die studenteprofiel werklik divers is en die demografie van die land weerspieël.

Geen maklike oplossings

Uit die HOKK-ouditpaneel se voorlopige mondelingse kommentaar en aanbevelings – met inbegrip van die moontlikheid van gesamentlike onderrig en blokonderrig oor kampusse heen – is dit duidelik dat daar geen kitsoplossings vir hierdie probleem is nie.

Gelukkig het die NWU se Raad en Bestuur nog nooit gehuiwer om die meer netelige aspekte van Suid-Afrika se sosio-politieke erfenis gedurende die afgelope vyf jaar aan te pak nie – soos die uittredende Kanselier van die NWU, dr Popo Molefe, tereg sê in sy boodskap op bladsy vyf. Daar kan verwag word dat hierdie kwessie met dieselfde onbeskroomdheid en toewyding hanteer sal word.

Die eerste stap

Die Universiteit het inderdaad reeds stappe geneem. Nadat die verslag van die Ministeriële Taakspan ontvang is, het die NWU erken dat transformasie hoog op sy agenda moet wees. Hierdie kwessie word onder meer aangespreek deur die opvoering van die industriële teater-vertoning wat die belangrikheid van die sosiale kohesie, aanvaarding en respek binne 'n diverse gemeenskap onderstreep.

Wat ons kan doen

Laat ons almal mekaar se bydraes vier en elke geleentheid gebruik om by mekaar te leer. Op hierdie manier sal dit vir ons moontlik wees om ons slagspreuk, Innovasie deur diversiteit, uit te

leef en sodoende ons gemeenskappe en ons land met unieke idees en oplossings te dien.

Mag al ons Eish!-lesers 'n welverdiende winterreses geniet en met hernieuwe energie en geesdrif terugkeer om die tweede helfte van 2009 nóg 'n suksesvolle hoofstuk in die NWU-verhaal te maak.

Lekker lees,
Nelia Engelbrecht



Nelia Engelbrecht

NWU versigtig optimisties oor HOKK-oudit

Die week van 16 tot 20 Maart 2009 was 'n historiese tyd vir die NWU toe bykans vier jaar se voorbereiding uitgeloop het op die eerste oudit deur die paneel van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK) sedert die totstandkoming van die Universiteit in 2004. Hier is 'n opsomming van die **voorlopige mondelinge terugvoer** deur die Voorsitter van die paneel, prof Nic Grove van die Universiteit van Pretoria, op Vrydag 20 Maart 2009.

Uit die voorlopige bevindinge van die HOKK-paneel is dit duidelik dat die NWU rede het om versigtig optimisties te wees oor die resultate van die oudit. Verskeie praktyke en aktiwiteite aan die NWU, insluitende sy finansiële bestuur, afstandsonderrig en navorsingsentiteitemodel is hoog aangeprys. Terselfdertyd is verskeie ernstige uitdagings uitgewys – soos transformasie en taalkwessies en nagraadse studieleiding.

Met betrekking tot die ouditproses self is die NWU geprys vir sy "merkwaardige energie en fokus" gedurende die oudit. Die paneel het melding gemaak van die Universiteit se doeltreffende voorbereiding vir die oudit, die samewerking en gasvryheid gedurende die paneelbesoek en die goed beplande en goed uitgestalde ouditdokumentasie.

Die paneel het ook waardering uitgespreek vir die insig wat die instelling aan die dag gelê het met die identifisering van bykans 300 gedokumenteerde gapings voortspruitend uit die Universiteit se selfevalueringsproses en portefeulje – en vir die feit dat die instelling reeds begin werk maak het daarvan.

Grootste uitdagings

Een van die grootste uitdagings wat deur die paneel geïdentifiseer is, is die gebrek aan diversiteit wat betref personeel- en studenteprofiele op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus. Die paneel is van mening dat die huidige situasie studente nie genoegsaam voorberei op die realiteite van werkplekdiversiteit nie.

Transformasie moet beskou word as 'n aangeleentheid van strategiese dringendheid, en die moontlikhede van gesamentlike onderrig en blokonterrig oor kampusse heen behoort

Interessante feite

Die logistiese reëlings vir die HOKK-oudit was glad nie 'n klein onderneming nie. Hier is sommige van die syfers:

- Aantal mense met wie onderhoude gevoer is - 408
- Van hulle het van onder meer die volgende universiteite af gekom - Limpopo, Botswana, Wes-Kaap en Witwatersrand.
- Aantal onderhoudsessies - 478
- Aantal etes voorberei - 950

aktief ondersoek te word ter ondersteuning van dieper transformasie. Die Vaaldriehoek het egter lof ingeoes omdat die studenteprofiel reeds die demografie van die provinsie en die land weerspieël.

Nóg 'n kommerwekkende bestuurskwessie is dat die administrasie en bestuur op die Mafikengkampus klaarblyklik steeds 'n gebrek aan hulpbronne ervaar.

Die paneel was die mening toegedaan dat, hoewel die unitêre, multikampusbesigheidsmodel sy doel gedien het met die skep van stabiliteit tot nou toe, daar aandag gegee moet word aan die bevordering van die besigheidsmodel onder interne belanghebbendes.

Gesonde bestuurstelsels

Die paneel het die Universiteit gelukkigwens met sy gesonde finansiële bestuur en infrastruktuurpraktyke, veral sy langtermyn-instandhoudingsplanne vir geboue en die hoë gehalte van sy koshuise.

Daar is ook melding gemaak van die doeltreffendheid van stelsels soos die prestasiebestuurstelsel en die Inligtingstechnologie-stelsel (IT-stelsel), asook die noue samewerking tussen ondersteuningsdienste op die verskillende kampusse.

🔗 **Vervolg op bladsy 4**

Hoëvlakbetrokkenheid word waardeer

Eish! het met dr Jannie Jacobsz, Direkteur: Institusionele Kwaliteitskantoor, gesels oor sy indrukke van die ouditproses en die voorlopige terugvoer van die paneel. Hier is sy kommentaar:

"Ek is daarvan oortuig dat die betrokkenheid van die Projektkantoor en die Direkteur in die Kantoor van die Visekanselier, dr Maarten Venter, by die beplanning en uitvoer van die oudit van onskatbare waarde was vir die proses. Die feit dat dr Venter ook dien as raadgewer van die Visekanselier, dr Theuns Eloff, het beteken dat ons te alle tye 'n oop deur na die Visekanselier gehad het. Die HOKK-paneel het waardering gehad vir hierdie hoëvlakbetrokkenheid. Nog iets wat vir my uitgestaan het, was die waardering van die mense met wie die onderhoude gevoer is vir die hoë standaard van organisatoriese vaardighede van die span wat verantwoordelik was vir die ouditvoorbereidings en logistieke reëlings. Ek stem saam met hulle: die spanlede het hulself oortref!"



Dr Theuns Eloff, Visekanselier (heel regs) in gesprek met 'n raadslid, mnr Simon Mohapi (links) en die Voorsitter van die Raad, mnr Peet van der Walt (middel) net voor hulle onderhoud met die HOKK-paneel.

NWU versigtig optimisties oor HOKK-oudit

Van bladsy 3

Onderrig-leer: gemengde reaksie

Onderrig-leer het gemengde reaksie ontlok. Volgens die lede van die paneel kan die model wat met die implementering van afstandsonderrigprogramme gevolg word as voorbeeld dien vir ander hoëronderriginstellings in Suid-Afrika. Hulle het ook die Universiteit se hoëgehaltestudiegidse as 'n model van goeie praktyk voorgelê.

Ander onderrig-leer-praktyke wat lof ingeoes het, sluit in die aanvullingsonderwys-stelsel vir studente, die beplande forums vir dekane en skooldirekteurs, die program-indieningsprosesse wat gevolg word deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde en die rol wat die Senaat en die Departement Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning speel.

Daar was egter ook verskeie kwessies wat die paneel kommerwekkend gevind het.

Hulle is byvoorbeeld van mening dat "strategiese ingryping nodig is om die akademiese gehalte op die Mafikengkampus te verbeter", en dat die taalbeleid "krities geassesseer behoort te word ten einde toegang op die Potchefstroomkampus te verbeter", aangesien dit volgens hulle "lyk of dit op die oomblik Afrikaans bevoordeel."

Hoewel hulle erkenning gee aan die uitdagings rondom die implementering van die akademiese programbelyningsproses, het die paneel die volgende opmerkings oor die proses gemaak:

- Die proses moet versnel word in die belang van eenheid tussen die kampusse.
- Daar moet gewaak word daarteen "om die Potchefstroomkampus se kurrikulums op die Mafikengkampus af te dwing."
- Daar moenie toegelaat word dat die ontwikkeling van studiegidse die proses vertraag nie.
- Probleme met assessering moet hanteer word as deel van die programbelyningsproses.

Groeiende navorsingsprofiel

Die paneel het die toename in navorsings-uitsette erken en was vol lof vir die implementering van die nuwe navorsingsentiteitmodel. Hulle glo egter dat personeelkwalifikasies



'n Vinnige versnapering voor die onderhoude begin.

verbeter moet word ter ondersteuning van die navorsingstrategie.

Daar is met goedkeuring kennis geneem van die intervensies ter verbetering van die kwaliteit van navorsing, sowel as van die rol van die Innovasiekantoor, die Universiteit se innoverende benadering tot gemeenskapsdiens en die korporatiewe verbintenis met betrekking tot die NWU se implementering van kundigheid.

Die paneel het egter ook aangedui dat die uitgerekte prosesse wat deur die Navorsingsetiëkkomitee gevolg word, vergelyk moet word met dié by ander instellings en meer stroombelyn gemaak moet word. Daar moet ook werk gemaak word van die inkonsekwentheid met betrekking tot die gehalte van nagraadse studieleiding en eksaminering op die verskillende kampusse.

Sleutelrol

Die paneel het optimisme uitgespreek oor die toekoms van die instelling en daarop gewys dat die NWU oor die potensiaal beskik om 'n nóg belangriker rol in die Noordwesprovinsie te vervul. Om sy volle potensiaal te bereik, moet die Universiteit diversiteit en transformasie entoesiasies aanvaar, 'n gevoel van tuiswees en sosiale kohesie oor die instelling heen bevorder, en bestuurs- en ander kapasiteit op al die kampusse verbeter.

Die finale verslag sal eers teen die einde van die jaar beskikbaar wees.



Die NWU se ouditspan is vanaf links: Dr Maarten Venter, Direkteur: Kantoor van die Visekanselier, en Projekbestuurder, me Karen Hurn en me Ria Nel van die Projekantoor, me Antoinette Vermeulen van die Kwaliteitskantoor, en mnr Cobus Steenkamp van die Projekantoor. Agter vanaf links is: mnr Chris Conradie van die Projekantoor en dr Jannie Jacobsz, Direkteur: Kwaliteitskantoor.



Voor die onderhoude is toeligtingsessies in die Raadsaal van die Institusionele Kantoor-gebou gehou.





Kanselier neem afskeid

Dr Popo Molefe, Kanselier van die NWU, se ampstermyn het aan die einde van Mei vanjaar verstryk. Terwyl daar reeds ver gevorder is met die aanwysingsproses van 'n nuwe Kanselier, kyk dr Molefe terug op die jare wat verloop het sedert die samesmelting in 2004 en sy inhuldiging in 2005.

Met sy inhuldiging as die eerste Kanselier van die NWU op 14 April 2005 het dr Popo Molefe die samesmelting van die voormalige Universiteit van die Noordwes en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die inkorporering van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit beskryf as 'n sterk simboliese handeling van versoening en nasiebou.

Dr Molefe glo dat hierdie instellings ondanks hul uiteenlopende kulture inderdaad daarin geslaag het om hul verskille opsy te sit en saam te kom as één instelling.

"Hoewel die NWU van vandag geen toonbeeld van volmaaktheid is nie, is dit beslis een van die suksesverhale in die Suid-Afrikaanse hoërondewyslandskap," het hy kort voor die verstryking van sy ampstermyn gesê. "Behalwe

dat die Universiteit aangewys is as die bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika, het dit ook erkenning ontvang as die Suid-Afrikaanse universiteit wat oor die afgelope 10 jaar die grootste bydrae tot meertaligheid en nasiebou gelewer het."

"Verder is die NWU al twee keer – in 2005 en weer in 2008 – aangewys as Suid-Afrika se mees tegnologies innoverende hoërondewysinstelling."

Volgens dr Molefe was dit gedurende die vyf jaar van sy Kanselierskap duidelik dat die Raad en die Bestuur nie geskroom het om die bul by die horings te pak wanneer dit gekom het by die meer netelige aspekte van Suid-Afrika se sosiopolitieke erfenis nie. "Hierdie kwaliteit, tesame met die NWU se kernwaardes van integriteit, toewyding, toerekenbaarheid en respek, gee my hoop vir sy toekoms as 'n model-hoërondewysinstelling en 'n prototipe van hoe gemeenskappe saam kan leef, werk, en floreer."

Dr Molefe beplan om op hoogte te bly van die Universiteit se prestasies in die toekoms. Hy het ook gesê hy glo dat dit vir sy opvolger net so 'n groot eer sal wees om die instelling te dien as wat dit vir hom was.

Na afloop van die nominasieproses sal die nuwe Kanselier na verwagting ten tyde van die Raadsvergadering op 19 Junie aangewys word.

Ander hoëprofielaanstellings waarvoor die Raad vanjaar moet toesig hou, is die opvolging van die twee nuwe kampusrektors later vanjaar. Die ampstermyn van prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekskampus, verstryk op 31 Augustus 2009 en dié van prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, op 31 Desember 2009.

NWU ken eredoktorsgrade toe



Drie eredoktorsgrade is vanjaar deur die Noordwes-Universiteit tydens die Potchefstroomkampus se herfsgradeplegtigheid op 15 Mei toegeken. Een daarvan is toegeken aan prof Fritz Ponelis, 'n Afrikaanse taalkundige, terwyl die ander twee aan prof John Cummings en Barrie Margetts van die Verenigde Koninkryk toegeken is. Beide is wêreldleiers op die gebied van voeding en het vernam bydraes gelewer tot die totstandkoming van die NWU se bekende navorsingseenheid, Africa Unit for Transdisciplinary Health Research (AUTHeR). Tydens dieselfde geleentheid het mnr Unré Visagie, een van Suid-Afrika se voorste entrepreneurs, die NWU se Kanseliersmedalje ontvang. Voor van links is prof John Cummings, prof Barrie Margetts, dr Ngoato Takalo (Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkthoof van die NWU), prof Annette Combrink (Rektor: Potchefstroomkampus) en mev Dorothy August (Registrateur: Potchefstroomkampus). Agter is prof Mariëtte Lowes (Viserektor: Akademie), prof Daan van Wyk (Viserektor: Kwaliteit en Beplanning), mnr Unré Visagie (ontvanger van die Kanseliersmedalje) en prof Fritz Ponelis.

Topdosente vereer vir onderriguitnemendheid

Vyf-en-dertig dosente van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekampus het die jaarlikse toekennings vir onderriguitnemendheid ontvang, terwyl die beste dosente op elke kampus ook aangekondig is.

Prof Nico van der Merwe van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroomkampus en me Hayley Williams van die Skool vir Gedragwetenskappe op die Vaaldriehoekampus is onlangs by 'n galadinee in Potchefstroom as die beste dosente op hul onderskeie kampusse aangewys.

'n Spesiale toekenning vir kreatiewe uitsette is aan me Haidee Kruger van die Skool vir Tale in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekampus gemaak. Sy het haar eerste digbundel "Lush" poems for four voices" in 2007 die lig laat sien en word as een van die mees belowende nuwe stemme in Suid-Afrikaanse poësie beskou.

Daarbenewens is Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) aan 32 ander dosente gemaak – 27 van die Potchefstroomkampus en vyf van die Vaaldriehoekampus.

Verskeie akademici van die Mafikengkampus het ook aan die ITOU-proses deelgeneem, maar kon weens onvoorsiene omstandighede, onder meer die studente-onrus op daardie kampus, nie die program voltooi nie. Hulle sal dit deur die loop van 2009 afhandel.

Die ITOU-toekennings wat aan die dosente van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekampus gemaak is, het uit drie kategorieë bestaan: 13 van hierdie toekennings is gemaak in die kategorie Institusionele Prestigetoekennings vir Onderriguitnemendheid, 10 in die kategorie Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid, en nege in die kategorie Ontwikkelingsprogram vir Onderriguitnemendheid.

Dr Ngoato Takalo, die NWU se Adjunkhoof



Vyf dosente van die Vaaldriehoekampus het by 'n onlangse galageleentheid toekennings ontvang vir onderriguitnemendheid. Van links is me Fatima Raymakers, wenner van die Skool vir Opvoedingswetenskappe, dr Leon Moolman, wenner van die Skool vir Gedragwetenskappe, prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademiese Beplanning, prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekampus, me Hayley Williams, wenner van die Skool vir Gedragwetenskappe en beste dosent op die Vaaldriehoekampus, prof Tinie Theron, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, en dr Mirna Nel, wenner van die Skool vir Opvoedingswetenskappe. Dr Ike Xaba van die Skool vir Opvoedingswetenskappe was ongelukkig afwesig toe die foto geneem is.

en Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer, het die wenners van die toekennings gelukgewens, nie net namens die Institusionele Bestuur nie, maar ook namens al hulle voormalige en toekomstige studente. "Ons loof julle vir jul voortgesette toewyding tot onderriguitnemendheid," het sy gesê.

Deelnemers is geëvalueer deur 'n paneel van eweknieë op grond van innovasie en uitnemendheid in kontaksessies, studenteterugvoer en 'n portefeulje wat ingedien is.

ITOU is daarop gemik om voltydse akademiese personelede wat betrokke is by kontakonderrig aan die NWU aan te moedig om hul onderrigvaardighede te verbeter en te demonstreeer dat hul onderrigpraktyke in gesonde uitkomsgebaseerde onderrigbeginsels gegrondves is.

'n Voorslag-dosent

Prof Nico van der Merwe en me Hayley Williams is aangewys as beste dosente op die Potchefstroom- en die Vaaldriehoekampus onderskeidelik. Eish! wou by hulle weet wat 'n goeie dosent van die res onderskei. Hulle het soos volg geantwoord:

"Dit is uiters belangrik om studente tot kreatiewe en onafhanklike denke te begelei. As hulle bloot oor goeie teoretiese en tegniese kennis beskik, maar nie onafhanklik kan dink en optree wanneer hulle eendag in 'n vinnig veranderende besigheidsomgewing werk nie, het ek as dosent gefaal. Ek is passievol oor my vakgebied; ek dink studente sien dit raak en dit maak hulle ook opgewonde oor die kennis wat hulle verwerf."

- Prof Nico van der Merwe, Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, Potchefstroomkampus.

"'n Bevoegde dosent moet die waarde besef van voorbereiding, struktuur, detail en regverdigde assesseringspraktyke. Dit is nodig om binne sowel as buite die klaskamer buigsam genoeg te wees om diversiteit te erken en reg te hanteer. Introspeksie en toewyding aan bogenoemde onderrig-leerpraktyke is ook van wesenlike belang."

- Me Hayley Williams, Skool vir Gedragwetenskappe, Vaaldriehoekampus.



Potchefstroom-ITOU-wenners is van links: Me Hesta Vosloo van die Skool vir Fisika, me Karen Puren van die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling, mnr Duane Aslett van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, prof Nico van der Merwe van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe en beste dosent op die Potchefstroomkampus, me Karin Botha van die Skool vir Ondernemingsbestuur, en dr Cara Jonker van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe.

Nuwe handelsmerkbestuurder gereed vir uitdagings

Me Lindi Cameron, voorheen van die Potchefstroomkampus, is aangestel as Handelsmerkbestuurder in die Institusionele Kantoor. Eish! het haar uitgevra oor die uitdagings wat voorlê en die bydrae wat sy graag wil maak.

Die Universiteit het nou vir die eerste keer 'n toegewyde handelsmerkbestuurder om die NWU se handelsmerk en korporatiewe identiteit te bestuur. Me Cameron wat vroeër aan die stuur van sake was by Graphikos, die grafieseontwerp-ateljee op die Potchefstroomkampus, is aan die begin van Mei in hierdie nuwe pos aangestel.

Sy is realisties oor die uitdagings waarvoor sy te staan gaan kom; volgens haar sal die grootste een wees om almal se ondersteuning en betrokkenheid te verkry vir die implementering van die handelsmerkstrategie op alle vlakke. "Ons sal almal moet oortuig dat die konsekwente toepassing van die handelsmerk op al die kampusse sowel as by die Institusionele Kantoor inderdaad 'n belangrike kwessie is; terselfdertyd mag ons nie die sensitiwiteit daarrondom uit die oog verloor nie."

Haar bestuurs-, onderrig- en bedryfservaring kom haar baie goed te pas met die hantering van hierdie uitdagings. "My ontwerpachtergrond sal my help met die hantering van visuele kwessies, terwyl my bestuurservaring my 'n goeie begrip gee het van finansiële en mensehulpbronne en my betrokkenheid by die Institusionele Korporatiewe Handelsmerkidentiteit my insig gee het in al die kwessies met betrekking tot

die handelsmerk."

Uit haar entoesiasme vir die handelsmerk en haar begrip van die NWU-omgewing is dit duidelik dat die NWU-gemeenskap kan verwag om die NWU-handelsmerk regoor die hele instelling geïmplementeer te sien op 'n konsekwente, innoverende en – bo alles – sensitiewe wyse.



Me Lindi Cameron

Loopbaanagtergrond

Lektor: Voormalige Vaaldriehoekse Technikon (nou Vaal Universiteit van Tegnologie) en AAA School of Advertising

Grafieseontwerper/Kunsdirekteur: Creative Resources Unlimited, McCann Erickson, Trilogy Advertising and Design

Kleinhandelontwerp: Spitz

Interessante feite

Persoonlike filosofie: Ek hou van die konsep van voortdurende leer en verbetering. Ek streef ook daarna om outentiek te leef en die regte balans te handhaaf.

Belangrikste waarde in verhoudings: Ek bewonder 'n sterk karakter, 'n goeie sin vir humor en stimulerende gespreksvoering.

Wat ek geniet: My gesin, vriende, skoonheid, en musiek.



'n Eerste vir Senaat

10 Maart 2009 was 'n geskiedkundige dag vir die NWU toe die Institusionele Senaat vir die eerste keer in die nuwe Raadsaal van die Institusionele Kantoor-gebou vergader het. Die Senaat bestaan uit 33 akademiese personeellede van al die fakulteite, twee nie-akademiese personeellede, asook ander verteenwoordigers van die Institusionele Bestuur, die drie kampusse, die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad en die NWU-Raad.

Lotto-toekenning is soos musiek in ons ore

Kultuur op al drie kampusse het 'n hupstoot gekry toe meer as R3 miljoen uit die Lotto-fonds aan die Universiteit toegeken is vir onder meer koperblaasinstrumente, 'n radiostasie, ateljeetoerusting en 'n buitelugarena met 'n verhoog.

Hiervan is R1 060 000 aan die Mafikengkampus toegeken vir die bou van 'n buitelugarena met 'n verhoog, vir die aankoop van klanktoerusting en om twee oudisiekamers

klankdig te maak. Die Kampus spog met heelwat talentvolle studente wat lede is van die kampuskoor, die dramavereniging, die poësieklub, die dromvereniging en dansklubs vir tradisionele, Latynse en baldans.

'n Bedrag van R966 986 is aan die Potchefstroomkampus se Artéma-opnameateljee toegeken vir die totstandbrenging en instandhouding van 'n finansiële selfonderhoudende musiekopnameteater. R445 000 van die totale

bedrag sal bestee word aan die klankdigting van 'n ateljee en R521 986 vir die aankoop van toerusting vir die ateljee. Die Artéma-opnameateljee se missie is om die musiek talent van studente en ander jong, opkomende kunstenaars in Suid-Afrika te bevorder.

R1 014 615 is aan die Vaaldriehoekskampus toegeken vir die verwesenliking van hul droom om 'n eie kampusradiostasie op die been te bring. 'n Verdere R156 141 is toegeken vir die aankoop van instrumente vir 'n koperblaasorkes. Dié orkes sal by verskeie byeenkomste in die Vaaldriehoek-area vermaak verskaf.

Streef na uitnemendheid (maar hou die weer dop...)

Vir ons reeks oor die aktiwiteite van die Institusionele Bestuurspan het Eish! met prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, gesels oor die bestuur van verandering, akademiese uitnemendheid en sy toekomsvisie.

In die lig van verlede jaar se studente-onrus op die Mafikengkampus kan 'n mens aanneem dat die Rektor, prof Kgwadi waarskynlik die warmste stoel in die NWU volsit. Eish! het 'n paar vrae aan hom gestel oor die huidige situasie, die uitdagings waarvoor die Kampus te staan kom en die belangrikheid daarvan om altyd 'n ogie op die weer te hou ...

V: Hoe voel u oor die huidige situasie op die kampus, gegewe verlede jaar se onrus?

A: Hoewel die kampusgemeenskap optimisties is oor die huidige stabiliteit, voel dit vir my enige poging om die stemming op Kampus te definieer, is soos om die dag se weer te voorspel: moet dit eerder nie te kort na sonop doen nie. Dit laat dink my aan 'n bekende Setswana waarskuwing van my ouma, naamlik dat mens nie in die oggend oor die weer moet praat nie – dit verander dalk nog.


V: Wat sou u sê is die beste manier om moeilike situasies soos studente-onrus te hanteer?

A: Dis belangrik om te alle tye kalm en gefokus te bly. As wetenskaplike glo ek daarop om eers te fokus op die doelwit en om die probleem te verstaan voordat mens begin soek na 'n oplossing. Met ander woorde, 'n deeglike en akkurate ontleding is onontbeerlik. In mediese terme sou 'n mens kon sê 'n korrekte diagnose lei tot 'n toepaslike kuur. Mens moet ook mooi luister en altyd 'n oor op die grond hou.

V: Wat was die grootste uitdagings vir u kampus na afloop van die samesmelting en hoe het julle te werk gegaan om dit te oorkom?

A: Een van die grootse uitdagings ná die samesmelting was – en is steeds in 'n sekere sin – om die swak persepsies oor die Kampus teen te werk en om te keer. Ons moes ook die veranderingsproses bestuur deur aanvaarding en aanpassing by alle rolspelers aan te moedig. Hierdie uitdaging het 'n kontinuum van protes en onrus meegebring. In die proses het die Bestuur verskillende belanghebbendes (studente, ouers en die gemeenskap) betrek deur kampustoere en inligtingsessies om steun te verseker vir die kampusplanne en -ontwikkelings. Ek glo dat hierdie pogings om mense te betrek stadig maar seker die wanopvattinge regstel.

V: Wat beskou u as die grootste prestasies op



Ons kampus moet 'n voorkeurkampus word vir studente en ouers van regoor die land - ouers moet hul kinders met trots hierheen kan stuur.

Prof Dan Kgwadi

die Mafikengkampus sedert die samesmelting?

A: As deel van die belyningsproses vir die nuut saamgesmelte instellings moes baie infrastruktuur en stelsels tot stand gebring word. Ons het intussen groot sukses behaal daarmee. Ons het nie net nuwe infrastruktuur tot stand gebring nie, maar ook belangrike instandhoudings- en opknappingswerk met betrekking tot bestaande strukture en geboue gedoen, tot voordeel van studente en personeel. Die oprigting van die Sokkerinstituut in Maart 2007 was ook 'n groot prestasie.



“My wens is dat die Kampus gefokus sal bly op sy kernbesigheid en dat ons sal voortgaan om te lewer volgens die Kampus se Strategiese Plan.”



V: Watter uitdagings bestaan daar op die oomblik?

A: Ons konsentreer daarop om 'n nuwe kultuur van verbintenis tot akademiese uitnemendheid te kweek. Ons het verskeie prosesse in plek om dit te bereik, byvoorbeeld toekennings aan cum laude-graduandi en aan die beste voorgraadse presteeers in elke fakulteit op elke vlak van studie. Ons maak ook seker dat personeel behoorlik beloon word vir uitnemendheid in onderrig en navorsing. Verder fokus ons ook op skadebeheer en op die bevordering van die Kampus se beeld.

V: Wat is u kampus se sterkpunte?

A: Ten spyte van oningeligte wanpersepsies

is die akademiese struktuur van die kampus in orde – ons lewer hoëgehaltestudente en bied programme van 'n hoogstaande gehalte aan. Die Kampus spog ook met alumni met hoë aansien in die regering én in die bedryf. Die feit dat die Kampus studente en personeel van regoor Afrika lok, voeg ook waarde toe.



“Ons konsentreer daarop om 'n nuwe kultuur van verbintenis tot akademiese uitnemendheid te kweek.”

V: Watter aspekte van u werk is vir u lekker?

A: Die werk is uitdagend en interessant, maar gaan gepaard met enorme verantwoordelikhede. Die bestuur van die veranderingsproses en die stuur van die Kampus na 'n kultuur van uitnemendheid is baie bevredigend.

V: Wat is u wense vir die tweede helfte van 2009?

A: My wens is dat die Kampus gefokus sal bly op sy kernbesigheid en dat ons sal voortgaan om te lewer volgens die Kampus se Strategiese Plan.

V: Hoe sien u die Kampus oor tien jaar van nou af?

Sy voor- en afkeure

Gunstelingkos: Enigiets vars uit die aarde – ek is 'n vegetariër.

Gunstelingboek/-film: The Great Controversy deur Ellen G White.

Dit maak my gelukkig: Om goed saam met my kinders te doen en tyd met my familie deur te bring.

Wat ek van mense waardeer: Dankbaarheid.

My hoop vir die SA samelewing: Wilskrag om dit teen alle verwagtinge in te maak.

Bekende persoon met wie ek graag sal wil gesels: “Batho Cada” Cadaboy DJ by Lesedi FM Radio –sy passie vir sy werk en die manier waarop hy die jeug inspireer, beïndruk my.

Wat ek doen vir ontspanning: Huiswerk, renovasie en kook.

My lekkerste vakansie nog: Die tyd wat ek saam met my gesin en vriende by Mofufutso 2 deurgebring het.

My gesin: My vrou se naam is Mabel en my dogter se naam is Ofentse. Ander lede van die uitgebreide gesin is Sello en Oageng.

A: Ek sien 'n getransformeerde Mafikeng-kampus met 'n kernbesigheid waarvan die gehalte voortdurend verbeter, met uitstekende stelsels en strukture in plek. Dit moet 'n voorkeurkampus word vir studente en ouers van regoor die land – ouers moet hul kinders met trots hierheen kan stuur.

V: Wat is die erfenis wat u eendag graag sal wil agterlaat?

A: Ek wil 'n kampus agterlaat wat verbind is tot uitnemendheid en wat stewig gegrond is in die waardes van die instelling sowel as die land se konstitusionele waardes.

Agtergrond

Opvoeding

Hoërskool: Hoërskool Kebalepile, Mafikeng

BSc-graad: Universiteit van Bophuthatswana, 1990

MSc-graad: Ball State-Universiteit, VSA, 1992

PhD in Fisika: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2002

(met 'n subspecialisering in Onderwysersopleiding)

MPhil: Universiteit van die Noorde (spesialisering in Omgewingsreg en bestuur)

Loopbaan

Fisika-onderwyser: Hoërskool Phatsima

Dosent en Hoof van Departement

Fisika: Universiteit van Noordwes

Eksterne eksaminator: Radmaste-sentrum, Wits-Universiteit

Senior Bestuurder/

Assesseringskoördineerder:

Nasionale Kernreguleerder, Suid-Afrika

Studente met onderskeidings beloon

Vir die eerste keer in die geskiedenis het studente wat hul kwalifikasies met onderskeidings verwerf het spesiale pryse ontvang tydens die Mafikengkampus se gradeplegtighede.

Sewe studente het toekennings van die Rektor se kantoor ontvang: diegene wat graad gekry het, het elkeen R5 000 ontvang, terwyl diplomahouers R2 000 ontvang het en sertifikaathouers R1 000.

'n Totaal van 1 371 grade, insluitende 41 meestersgrade en drie doktorsgrade, is toegeken gedurende die ses gradeplegtighede wat tussen 15 en 17 April 2009 in Mafikeng gehou is.

Betrokkenes by die gradeplegtigheid is van links: prof Mogege Mosimege, Viserektor: Akademie, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus en prof Sevid Mashego, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning.



Dr Kgomotso Masemola van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.



Mnr Gideon Rossouw, 'n senaatslid van die Fakulteit Regte.

Nuwe lede vir die Institusionele Senaat

Dr Kgomotso Masemola van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en mnr Gideon Rossouw van die Fakulteit Regte is verkies as lede van die Institusionele Senaat.

Hulle sal ook lede word van die Mafikengkampus se Senaatskomitee.

Dr Masemola en mnr Rossouw is verkies in die plek van me Sarah Niemand van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en mnr Steve Monye van die Fakulteit Regte onderskeidelik.

Nguni-beesboere baat by NWU-betrokkenheid

Vanjaar sal nog tien veeboere in die Noordwesprovinsie elk 'n kudde van 24 beeste ontvang van die Nguni-beesontwikkelingstrust, waarvan die NWU deel is.

Die projek is in 2006 van stapel gestuur as 'n vennootskap tussen die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK), die Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing, en die NWU. Sedert die trust gestig is met die doel om veeboere te ontwikkel en te bemagtig, het 20 boere al voordeel getrek uit die projek.

Die rol van die NWU, en in die besonder die Skool vir Landbou in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus, is om tegniese en wetenskaplike kundigheid en opleiding by te dra ten einde die boere in staat te stel om suksesvolle Nguni-boere te word. Die Universiteit word op die Nguni Raad van Trusteas verteenwoordig deur prof Sevid Mashego (Viserektor: Kwaliteit en Beplanning) en prof Moses Mbewe (Direkteur: Skool vir Landbouwetenskappe).



'n Paar van die Nguni-beeste wat aan opkomende boere oorhandig is.



Prof Henk Bouwman

Navorsers waarsku teen die gevare van DDT

Prof Henk Bouwman van die Skool vir Omgewingswetenskappe het sy stem gevoeg by dié van 'n internasionale paneel gesondheids- en toksikologiese wetenskaplikes wat hul kommer uitgespreek het oor die gebruik van DDT in die bekamping van malaria.

Die paneel glo die huidige praktyk om DDT binnenshuis te spuit, lei tot ongekende – en onvoldoende gemoniteerde – blootstelling. Hierdie konsensusverklaring spruit uit 'n konferensie wat in Maart 2008 in St. Louis,

Michigan, in die VSA gehou is.

Prof Bouwman se navorsing het getoon dat DDT in borsmelk waarskynlik afkomstig is van kontak met die chemiese middel binne en rondom die bespuite huise, en nie van kos soos wat vroeër vermoed is nie.

“Ons moet nie net na DDT kyk nie, maar ook na die teenwoordigheid van die alternatiewe malariabeheer-insekdoders sowel as ander besoedelstowwe wat die gesondheids- en omgewingsimpak kan kompliseer.”

Die navorsers het klem gelê op die noodsaaklikheid om te kyk na beter en veiliger maniere om malaria te beheer – maniere wat nie die gesondheid van mense en die omgewing in die gedrang bring nie.

Sweeftuigdeskundige kry goue medalje

Mnr Attie Jonker, voorste lugvaartkundige en dosent by die Skool vir Meganiese Ingenieurswese, het die Neels van Niekerk Goue Medalje vir Uitmuntende Prestasie in Lugvaartingenieurswese van die Lugvaartvereniging van Suid-Afrika ontvang. Dié toekenning is gemaak vir die JS1 Revelation, die revolusionêre sweeftuig wat gebou is deur Jonker Sailplanes – 'n maatskappy wat gesamentlik besit word deur die broers, Attie en Uys Jonker, en Johan Bosman, 'n voormalige student van Attie.

Hierdie gesogte toekenning is slegs twee keer in die afgelope twintig jaar gemaak. Die Rooivalk en Celstar is die vorige ontvangers van die toekenning.

Jonker Sailplanes het verlede jaar in Oktober ook 'n bronsmedalje van die Royal Aeronautical Society of Europe ontvang.

Die Jonker-broers, Uys en Attie, met hulle JS1 Revelation-sweeftuig.



Ses akademici vereer deur Akademie vir Wetenskap en Kuns

Ses akademici van die Potchefstroom-kampus is vanjaar deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir uitstaande navorsing vereer.

Prof Daan Wissing, senior navorser in spraaktegnologie by die Sentrum vir Teks-tegnologie (CTeX), het die CJ Langenhovenprys vir linguïstiese wetenskap ontvang, terwyl **prof Petra Engelbrecht**, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, 'n medalje ontvang

het vir wetenskaplike vakbevordering op die terrein van onderwys.

Die Havengaprys vir wiskundige, chemiese of fisiese wetenskappe is toegeken aan **prof Jan Swanepoel** van die Departement Statistiek en die FARMOVS-prys vir farmakologie en geneesmiddelontwikkeling is toegeken aan **prof Theo Dekker** van die Skool vir Farmasie.

Twee gedenkmedaljes is ook toegeken aan personele van die Skool vir Omgewings-

wetenskappe-ontwikkeling. **Prof Gert Krüger** het die senior Kaptein Scott-gedenkmedalje ontvang vir sy uitmuntende werk as bioloog in Suider-Afrika. Die junior Kaptein Scott-medalje is toegeken aan **me Elmiën Heyneke** vir die beste MSc-verhandeling in plantkundige wetenskappe aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Die oorhandiging van die toekennings vind plaas op 27 Junie tydens die Akademie se eeufeesviering in Bloemfontein.



Prof Daan Wissing



Prof Petra Engelbrecht



Prof Jan Swanepoel



Prof Gert Krüger



Me Elmiën Heyneke

Navorsing-trio gaan navorsingsuitset verbeter



Prof Susan Coetzee-Van Rooy en haar man, prof Bertus van Rooy.

Die onlangse aanstelling van drie voltydse spesialisnavorsers sal die Vaaldriehoekampus se navorsingsuitset na verwagting 'n behoorlike hupstoot gee.

Die Fakulteit Geesteswetenskappe het prof Susan Coetzee-Van Rooy as navorsingsleier verwelkom terwyl prof Bertus van Rooy as navorsingsprofessor in die Skool vir Tale aangestel is. Voor haar aanstelling hier was Susan die Institusionele Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, en Bertus was as dosent verbonde aan die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus.

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het prof Jan Kroeze as voltydse navorsingsprofessor in die Skool vir Inligtingstegnologie verwelkom. Prof Kroeze spog met twee doktorsgrade, een in Hebreeus en een in Inligtingstegnologie, en is 'n spesialis op die gebied van teksontginning.



Prof Jan Kroeze, voltydse navorsingsprofessor in die Skool vir Inligtingstegnologie.



Prof Thapelo Selepe

Professor se liefde vir taal en sokker bevoordeel 2010

Prof Thapelo Selepe, 'n sokkerliefhebber en dosent aan die Vaaldriehoekampus, is gekies om te help met die ontwikkeling en uiteindelijke toetsing van Sesotho-terminologie vir die komende sokkerwêreldbeker.

Dit is deel van die 2010-sokkerterminologieprojek wat die Departement van Kuns en Kultuur van stapel gestuur het om die omvang van die 2010 FIFA-sokkerwêreldbeker tuis te bring en die spel se gewildheid in Suid-Afrika te laat toeneem.

Die projek is gemik op die ontwikkeling van sokkerterminologie in al die amptelike en inheemse tale.

Volgens prof Selepe sal verskillende projekgroepe bespreek watter terminologie beskikbaar is en nuwe terminologie ontwikkel waar gapings bestaan.

Sedert sy aanstelling in 1998 was prof Selepe betrokke by verskeie terminologieprojekte op streeks- en nasionale vlak. En ja, hy is 'n groot sokkerondersteuner – veral van Kaizer Chiefs.

Jong spelers baat by NWU Vaal Aandreeks

Die onlangse NWU Vaal Aandreeks het hierdie kampus se verbintenis tot die gemeenskap opnuut bevestig.

Die aandreeks, wat vanjaar vir die 13de keer gesamentlik deur die Kampus en Hoërskool Vanderbijlpark aangebied is, het meer as 5 800 toeskouers en bykans 6 000 deelnemende hoërskoolleerders van 19 skole gelok.

Tydens die afsluitingsereemonie in die Isak Steyl-stadion in Vanderbijlpark het mnr Piet van Wyk, 'n senior bemarker van die NWU, die Kampus se steun vir die reeks bevestig. Hy het bygevoeg dat die Kampus 'n platform bied waar talentvolle jong sportlui hulself vir 'n suksesvolle toekoms kan toerus – op die sportveld sowel as akademies.

Die Kampus het vir die vyfde agtereenvolgende jaar as trotse hoofborg opgetree. Die reeks het oor 'n tydperk van vier weke gestrek en het aan deelnemende skole die geleentheid gebied om in rugby, hokkie en netbal teen mekaar mee te ding.



Aksie op die rugbyveld gedurende die onlangse NWU Vaal Aandreeks.

U kan ook 'n wenner wees!

In hierdie uitgawe van Eish! het u weereens 'n geleentheid om 'n korporatiewe geskenkpak te wen.

Maar wees gewaarsku: Hierdie blokkiesraaisel is moeiliker as die vorige een. Daar word nie net na één artikel verwys nie; u sal al die artikels in Eish! moet lees om die blokkiesraaisel te kan voltooi.


Stuur u voltooide blokkiesraaisel met u naam en kontakbesonderhede na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of faks dit na (018) 299-4938. Die eerste korrekte inskrywing van elke besigheidseenheid sal vir die afsender 'n prys in die sak bring.

Af:

1. Die nuwe _____-bestuurder is onlangs aangestel in die Institusionele Kantoor.
2. Die beesras wat betrokke is by die projek om opkomende boere te help.
3. Wat gaan baat by die Lotto-toekenning?
4. Hierdie toekennings word jaarliks gemaak vir onderriguitnemendheid.
5. Die persoon se van wat tans as Visekanselier optree.
6. Watter pos aan die Universiteit se ampstermyn het aan die einde van Mei 2009 verstryk?
7. Dit is nodig om hierdie myl te loop om genomineer te word vir uitstekende diens.

Dwars:

1. Een van die grootste uitdagings wat deur



die HOKK-paneel geïdentifiseer is, is van die kampusse se gebrek aan _____.

2. Die van van een van die gelukkige weners van 'n geskenkbewys by die Interkampus Sosiale Dag.
3. Prof Henk Bouwman het kommer uitgespreek oor die gebruik van hierdie plaagdoder.
4. Die tipe teatervertoning wat op die planke

gebring gaan word om die aandag te vestig op sosiale kohesie.

5. Na afloop van die HOKK-besoek het hulle _____ terugvoer gegee.
6. Die eerste kanselier van die NWU se van.
7. Een van die karakters wat later vanjaar in 'n vertoning oor diversiteit sal optree.
8. Hoeveel keer verskyn Mozart in Eish?

Hier's die wenners!

Gluk aan die weners van die blokkiesraaiselkompetisie wat in die Maart-uitgawe van Eish! verskyn het. Die volgende NWU-personeellede wen elk 'n korporatiewe geskenkpak:

- Mnr Bethuel Ngakane (Mafikengkampus)
- Mnr Billy Lodewyk (Potchefstroomkampus)
- Prof Heleen Janse van Vuuren (Vaaldriehoek-kampus)
- Mnr Penrose Diphoko (Institusionele Kantoor).



Mnr Bethuel Ngakane



Mnr Billy Lodewyk



Prof Heleen Janse van Vuuren



Mnr Penrose Diphoko

Hulle loop die tweede myl met 'n glimlag

In die vorige Eish! was 'n artikel oor 'n aantal NWU-kollegas wat die tweede myl loop met die uitvoer van hul dagtake. Vir hierdie uitgawe is nóg 'n paar 'tweedemylers' deur hul waarderende kollegas benoem.

By enige instelling is daar werknemers wat uitstaan – nie net vir uitstekende diens nie, maar ook vir die positiewe houding waarmee hulle dit lewer. Hier is 'n paar van hierdie NWU-werknemers wat heelwat meer as hul deel doen:

Prof Damian Garside, Direkteur van die Skool vir Menswetenskappe op die Mafikengkampus is iemand wat altyd gereed staan vir die tweede myl. Dis nou volgens mnr Kiran Odhav, senior dosent in die Departement Sosiologie op die Mafikengkampus, wat getuig dat prof Garside baie meer doen as wat van hom verwag word. "Hy is 'n volkome toegewyde akademikus, het 'n goeie verstandhouding met studente en kommunikeer goed met hulle. Hy is altyd gereed om te dien, al het hy reeds te veel hooi op sy vurk."

Me Kgomotso Direko van die Verpleegkunde-departement op die Mafikengkampus meen dat **me Hunadi Rakhudu**, die Departement se Programdirekteur, u i t s t e k e n d e administratiewe vaardighede aan die dag lê. Sy doen baie moeite om amptelike vorms en dokumente voor te berei vir vergaderings, en bestee heelwat tyd buite amptelike kantoorure om seker te maak dat haar werk altyd op 'n professionele manier gedoen word," sê me Direko.

Me Martie van der Merwe, sekretaresse van die Rektor van die Potchefstroomkampus kry uit die aard van haar werk daaglik met baie mense te doen. Een van haar vele toegewyde kollegas is **mnr Bertus le Roux**, hoof van Logistiek op daardie kampus. "Ons werk dikwels saam, veral met gradeplegtighede. Hy is altyd behulp-

saam, vriendelik en geduldig en gaan uit sy pad om te sorg dat die kampus se wiele goed geolie is sodat alles glad verloop."

Mnr Louis Jacobs, Direkteur: Kommunikasie by die Institusionele Kantoor, sê dat **mnr William Scott**, grafiese ontwerper van Graphikos op die Potchefstroomkampus ook 'n pluimpie verdien.



Mnr William Scott

Volgens hom is dit William se uiters deeglike evaluering van kliënte se instruksies wat 'n baie goeie eindproduk verseker. "Ons moes hom al male sonder tal kontak in verband met belangrike ontwerpe wat dringend gedoen moes word. Hy is nooit te besig om te help nie, en

sal dikwels uit sy eie uit aanhou werk aan die detail – selfs as die kliënt reeds tevrede is met die eindproduk. Veral waar die NWU-handelsmerk ter sprake is, maak hy absoluut seker dat alle riglyne van die Handleiding vir Korporatiewe Identiteit tot in die kleinste besonderhede nagekom word."

Op die Vaaldriehoekskampus is dit **me Annette Willemse** van die Departement Bemaking en Kommunikasie wat die tweede myl stap (en met tye hardloop!). Me Helei Jooste is vol lof vir haar kreatiwiteit en haar uitsonderlike talent met woorde. "Personeel en studente geniet dit om 'n geselsie met haar aan te knoop en sy deel graag haar tyd, talente, advies en staaltjies met hulle. Vir Annette is geen guns of taak te veel moeite nie – sy staan kliënte by tót by die eindstreep."



Me Annette Willemse

Me Sindy Pieterse, 'n sekretaresse in die Skool vir Gedragswetenskappe by die Vaaldriehoekskampus sê dat **me Elsabe de Wet**, 'n dosent by daardie skool, ook uitgesonder behoort te word. "Behalwe



Me Elsabe de Wet

dat sy baie gewild is onder haar studente is sy ook 'n spontane, sterk persoon wat nie maklik van stryk gebring word nie. Almal in die afdeling is dit eens dat sy van haar eerste dag af werklik 'n verskil maak."

Die Institusionele Kantoor spog ook met heelwat eersteklaswerknemers. Me Lynette Ferreira, sekretaresse van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, beskou **mnr Christé de Wit**, Direkteur: Mensehulpbronne



Mnr Christé de Wit

as 'n steunpilaar – iemand wat haar nog nooit in die steek gelaat het nie. "Sy uitgebreide ervaring, vermoë om goeie menseverhoudinge te handhaaf en sy bereidwilligheid om te help maak hom uitsonderlik. Sy werksdag begin gewoonlik reeds om 06:10 en hou dikwels aan tot vroeegaand. Hy stel ook belang in sy kollegas se wel en wee en is altyd gereed om ondersteuning te bied waar nodig."

Nog 'n baie betroubare kollega wat me Ferreira graag wil nomineer, is **me Judy Heymans**, sekretaresse van die Visekanselier. "As dr Eloff se regter-én linkerhand bied sy administratiewe steun aan die hele Kantoor van die Visekanselier. Hoewel sy onder groot druk werk, is sy nooit te besig om te help nie – sy slaag beslis met vlieënde vaandels," sê me Ferreira.



Me Judy Heymans

As u u waardering wil uitspreek vir die wyse waarop u NWU-kollegas bereid is om die tweede myl te loop in die uitvoer van hul dagtake, is u welkom om 'n e-pos te stuur aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of 'n faks te stuur na (018) 299-4938.



Rekordgetal mense by Interkampus Sosiale Dag

Die laaste Interkampus Sosiale Dag, wat bygewoon is deur 'n rekordgetal personeellede, was 'n gelukkige einde vir die weeklange besoek van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK).

Ná 'n vermoeiende week van onderhoude het die aktiwiteite van die HOKK-paneel tot 'n einde gekom en kon 'n rekordgetal van 529 personeellede uiteindelik ontspan en die Interkampus Sosiale Dag geniet wat op Vrydag, 20 Maart 2009 op die Potchefstroomkampus plaasgevind het.

Personeellede het vroegoggend voor die hoofgebou van die Potchefstroomkampus bymekaargekom waar dr Theuns Eloff, Visekanselier, die geleentheid amptelik geopen het. Hy het onder meer genoem hoe dankbaar hy is dat die HOKK-oudit goed afgeloop het en dat die Universiteit goeie akademiese uitslae behaal het aan die einde van 2008, ondanks al die uitdagings van verlede jaar.

Ná die opening voor die hoofgebou was daar 'n pretstap tot by die Fanie du Toit-sportterrein, waar personeellede deelgeneem het aan aktiwiteite soos 'n lyndans-demonstrasie, kruiwaresies, eierresies, vlugbal en toutrek.

'n Gelukkige trekking waartydens agt personeellede elk 'n R1000 geskenkbewys van 'n supermark-groep ontvang het, het gesorg vir ekstra opwinding. Die weners




was me Fransinah Mthembu en me Sophie Thaga van die Mafikengkampus, me Sannah Seroalo en me Eurica Jansen van Rensburg van die Potchefstroomkampus, en me Tembi Mosabala en mnr Christopher May van die Vaaldriehoekskampus. By die Institusionele Kantoor was die geluk aan die kant van me Coréne van der Merwe en me Jacobie Fourie.

“Uit die positiewe terugvoer is dit duidelik dat

Personeel van die drie kampusse en die Institusionele Kantoor wag vir die pretstap om te begin.

personeellede die dag baie geniet het,” sê me Ina van der Watt, NWU Welstand-fasiliteerder wie se span verantwoordelik was vir die beplanning en koördinerings van die geleentheid.

Die volgende sosiale dag vind op 28 Augustus 2009 op die Vaaldriehoekskampus plaas.



Terwyl dr Theuns Eloff met langverlof is, neem dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, waar as Visekanselier.

BINNEKORT HIER



JOEL ZUMA AS STEVIE WONDER
ELOISE CUPIDO AS TINA TURNER
JONATHAN ROXMOUTH AS MOZART

SLEGS PERSONEEL